

Vir toegang tot ons wêreld moet jy eers om een van ons graadprogramme aansoek doen. Maar voordat jy kan aansoek doen, moet jy weet of jy aan die Universiteit Stellenbosch se basiese toelatingsvereistes voldoen.

BEGIN HIER

Ons basiese toelatingsvereistes is soos volg:

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) wat deur Umalusi gesertifiseer is vir toelating tot baccalaureusgraadstudie, wat vereis dat minstens 65% in elk van vier skoolvakke op die lys aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal moet word.

Aflegging van die Nasionale Normtoets (NNT's) AQL wat vir jou gekose graadprogram vereis word.

ONTHOU


Elke fakulteit het ook fakulteit- en programspesifieke toelatingsvereistes. So, al kom jy dalk vir universiteitstoelating in aanmerking, moet jy steeds aan ons fakulteits- en programvereistes óók voldoen om tot 'n bepaalde graadprogram toegelaat te word. Vir selfs volledige inligting, raadpleeg die fakulteit se Jaarboek, Deel 4 en klik op die blok vir Lettere en Sosiale Wetenskappe.



So, jy stel belang in die wêreld van die lettere en sosiale wetenskappe en het besluit om 'n joernalis, vertaler, politikus, onderwyser, akteur, musikant of sielkundige te word. Maar wat van al die ander, minder bekende loopbane daar buite? Het jy byvoorbeeld al ooit Filosofie of Inligtingwetenskap oorweeg? Of daaraan gedink dat as jy Geskiedenis as vak neem, jy jou brood en botter uit die verlede kan verdien as 'n reklamekonsultant, scenario-ontleeder of argivaris?






Ons padkaart wys jou in 'n paar eenvoudige stappe hoe om jou weg deur 'n wêreld vol uiteenlopende studie- en loopbaanmoontlikhede te vind. Gryp 'n bietjie water en kom ons spring weg op hierdie reis om jou vir die moderne en mededingende arbeidsmark toe te rus.



LET OP

Selfs al voldoen jy aan die universiteit se minimum vereistes, is daar geen waarborg dat jy vir jou voorkeurprogram of eerste keuse aanvaar sal word nie. Dit is omdat ons 'n beperkte aantal plekke in ons fakulteit beskikbaar het. So, wanneer jy om 'n graadprogram aansoek doen, lys asseblief jou eerste, tweede en selfs derde programkeuse op jou aansoek. Let wel dat slegs eerste en tweede programkeuses vir keuring oorweeg sal word terwyl derde programkeuses slegs oorweeg sal word as beide die eerste en tweede programkeuses programme met programspesifieke keuringsprosedures is.



PADKAART NA DIE BA-WÊRELD



STAP 2

Ons fakulteit bestaan uit 18 departemente. Dié departemente val in drie groepe, naamlik tale, kunste en sosiale wetenskappe. Die taaldepartemente sluit in Afrikaanse, Afrikaans en Nederlands, Antieke Studie, Engels, Algemene Taalwetenskap, en Moderne Vreemde Tale. Die kunste sluit in Drama, Musiek, en Visuele Kunste, en die sosiale wetenskappe bestaan uit Geografie en Omgewingsstudie, Geskiedenis, Inligtingwetenskap, Joernalistiek, Filosofie, Politieke Wetenskap, Maatskaplike Werk sowel as Sosiologie en Sosiale Antropologie. Hierdie departemente bied gesamentlik die verskillende vakke aan waaruit jou graadprogram sal bestaan. Jou vakke sal jou toerus vir die kennisekonomie en 'n werkplek wat op soek is na gegradueerdes wat oor generiese denk-, skryf- en navorsingsvaardighede beskik, in spanne kan werk en deur kritiese, betrokke burgerskap tot die samelewing kan bydra.

MAAR WAT PRESIES IS GRAADPROGRAMME?

'n Graadprogram bestaan uit 'n groep vakke wat mekaar aanvul en op 'n sinvolle wyse met mekaar verband hou. Elke vak het 'n algemene of spesifieke loopbaanfokus.

Danksy die algemene fokus sal jy leer hoe om analities en krities te dink, probleme op te los en doeltreffend te kommunikeer. Met die spesifieke fokus sal jy 'n klomp kennis en vaardighede aanleer wat jou vir 'n loopbaan op 'n sekere gebied of op 'n bepaalde groep verbandhoudende terreine voorberei.

Hieronder is 'n lys van die interessante graadprogramme wat jy in ons fakulteit kan volg. Besoek ook gerus "Wat kan ek studeer?" vir meer inligting.

GRAADPROGRAMME

BA in Ontwikkeling en Omgewing

Leer meer oor hoe gemeenskappe in samewerking met die natuurlike omgewing deur middel van ekonomiese en sosio-ekonomiese ontwikkelingsproesse werk.

BA in Menslike Hulpbronbestuur

Die ontwikkeling van menslike kapitaal is noodsaaklik vir ekonomiese vooruitgang. Menslike hulpbronbestuurders gebruik hulle kennis van Bedryfsielkunde (n hoofvak) om werknemers te ontwikkel en te bestuur.

BA in Internasionale Studie

Met opleiding in ekonomiese en politieke kwessies sowel as tale soos Frans, Duits en Chinees is hierdie program jou sleutel tot 'n opwindende loopbaan op toerismegebied, in die mediabedryf, internasionale organisasies, die sakewêreld of die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking.

BA in Regseleerdheid

Hierdie program lê die grondslag vir gevorderde regstudie, terwyl dit jou terselfdertyd insig in menslike gedrag en sosiale kwessies gee. Dit bied ook toegang tot die nagraadse LLB-program.

BMus

bied gespesialiseerde opleiding om jou voor te berei as musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar (solis, begeleier, orkespeler of dirigent), musiek-technoloog, musikoloog en komponis.

BA in Sportwetenskap

rus jou toe vir 'n loopbaan in sportwetenskap, sportsielkunde, gesondheid en fiksheid, bewegingsopvoeding en ontspanning vir mense met gestremde, asook sportafrigting. Voltooiing van hierdie program laat die student toe om aansoek te doen vir honneursstudies in Biokinetika, Prestasiesport of Kinderkinetika.

BA in Drama en Teaterstudie

rus jou toe vir 'n loopbaan in die teater-, radio-, film- en TV-bedryf, as akteur, regisseur, draaiboekskrywer, tegnikus, bestuurder, resesent of navorser.

BA in die Geesteswetenskappe

bied toegang tot 'n verskeidenheid loopbane deur jou te leer hoe om analities en krities te dink, lees en skryf, probleme te identifiseer, doeltreffend te kommunikeer en op veranderende sosiokulturele eise en omstandighede te reageer.

BA in Taal en Kultuur

berei jou voor vir taal- en kultuurverwante beroepe, wat insluit die onderwys, die uitgewers- en boekbedryf, joernalistiek en die media, die diplomatieke diens, toerisme, die vertaalbedryf en die musiek- en teaterwêreld.

BA (Musiek)

kombineer opleiding in musiek met die opsie om kundigheid op te doen in 'n taal, sosiale wetenskap of wiskunde en dus verskaf dit die ideale basis vir 'n loopbaan in onderwys, musiekwetenskap of musiek-joernalistiek.

BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie ("PPE")

Hierdie program ontwikkel jou vaardigheid in kritiese en kreatiewe denke en rus jou toe met kennis van politieke en ekonomiese stelsels. Dit is gerig op mense wat belangstel in loopbane in bestuur, die NRO-sektor, belegging-bankdienste, navorsingsinstitute, die staatsdiens, joernalistiek, politiek en die akademie.

B in Maatskaplike Werk

rus jou toe as 'n professionele maatskaplike werker en stel jou in staat om by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep te registreer.

BA in Visuele Kunste en Ontwerp

het 'n wye reeds kreatiewe en opvoedkundige toepassings en berei jou voor vir beroepe in die skeppende bedrywe. Die program het drie strome, naamlik Beeldende Kunste, Visuele Kommunikasie-ontwerp, en Kreatiewe Juweliers- en Metaalontwerp. Die strome maak dit moontlik om te kwalifiseer as 'n beeldende kunstenaar, grafiese en visuele kommunikasie-ontwerper, juweliersontwerper en juweliersvervaardiger en/of kuns- en ontwerp teoretikus.



MAAK SEKER

Onthou, sommige van ons programme het spesifieke toelatingsvereistes. Dit is belangrik om die Voorgraadse Toelatingsvereistes en die Jaarboek (klik op die blok vir Lettere en Sosiale Wetenskappe vir die fakulteit se Jaarboek, Deel 4) te raadpleeg om seker te maak dat jy aan daardie vereistes voldoen.

Van ons programme vereis ook dat jy 'n oudisie aflê of 'n portefeulje indien, terwyl ander weer net vir 'n beperkte getal studente plek het. Hieronder is voorbeelde van daardie programme.

Keuring vir die graadprogramme BMus en BA (Musiek) is gegrond op 'n oudisie en teoretiese waartydens kandidate moet bewys dat hulle aan die vereiste standaarde voldoen. Die Departement Musiek sal die inligting oor die oudisie aan jou stuur wanneer hulle jou aansoek ontvang.

Wanneer jy om die **BA in Drama- en Teaterstudie** aansoek doen, moet jy teen 30 Junie ook 'n **seleksie vorm** voltooi en indien, en teen die begin van Augustus beskikbaar wees vir oudisies en/of onderhoude by die Departement Drama op Stellenbosch.

Jy sal die Departement se keuringsvraeys en 'n vorm oor jou mediese geskiedenis moet voltooi en dit saam met jou aansoekvorm vir die **program BA in Sportwetenskap** indien. Die vraeys en vorm is hier beskikbaar onder die opskrif Nie-Akademie Dokumente Wat Ons Benodig.

Vir toelating tot die BA in Visuele Kunste en Ontwerp moet jy 'n voorgeskrewe kunswerkportefeulje inhandig teen 2 September. Portefeulje-vereistes is beskikbaar onder "How to apply".

As jy geen internettoegang het nie, vra vir 'n gedrukte eksemplaar van die Jaarboek by ons fakulteit se Opedagtoonbank (hierdie toonbank sal slegs op Opedag daar wees) by die ingang van die Letteregebou. Onthou, daar is net 'n beperkte getal eksemplare en dit is SLEGS BESKIKBAAR vir leerders wat geen internettoegang het nie.

LOER GOU HIER



AS JY ONS OPEDAG BYWOON, GAAN VOORT NA STAP 3. INDIEN NIE, SLAAN DIT OOR EN GAAN REGUIT NA STAP 4.

STAP 3

Met 18 departemente in ons fakulteit, kan jou graad uit 'n verskeidenheid modules en vakke bestaan. Maak seker jy besoek al die departemente se stalletjies op Opedag en vra soveel vrae as wat jy wil. Ons is hier om jou ons fakulteit, departemente en die universiteit beter te help verstaan en om te verseker dat jy 'n graadprogram kies wat by jou belangstellings, vermoëns en toekomstige loopbaandoelwitte pas.

Dit kan harde werk wees om die universiteit- en fakulteitstruktuur te verstaan, so moenie vergeet om by ons waterpunte by die ingang van ons gebou op Opedag te stop en jou watervoorraad aan te vul nie!



GEWILDE VRAE

Kan ek onmiddellik as 'n sielkundige begin praktiseer sodra ek 'n voorgraadse program in Sielkunde voltooi het?

Nee, dit neem minstens sewe jaar om te kwalifiseer as 'n sielkundige. In daardie tyd moet jy 'n honneursgraad in Sielkunde voltooi, 'n meestersgraad in Kliniese Sielkunde, 'n internskap by 'n geregistreerde instelling, die Raadseksamen van die Raad op Gesondheidsberoep van Suid-Afrika skryf en slaag en deur die Raad aanvaar word vir registrasie.

Hoe lank nadat ek om toelating tot 'n graadprogram aansoek gedoen het, kan ek 'n antwoord van die universiteit verwag?

Dit behoort ongeveer 'n maand te duur voordat jy 'n antwoord van die universiteit sal ontvang, maar gaan asseblief jou e-pos daagliks na. As jy byvoorbeeld nie al die dokumente ingedien het wat jou aansoek moet vergesel nie, sal die universiteit jou kontak om daardie dokumente aan te vra, en sal jou aansoek eers verwerk word sodra daardie dokumente ontvang is.

In watter taal sal my klasse en klasaantekeninge wees?

Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leerleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika). Vir eerstejaarmodules stel die Universiteit Stellenbosch gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar.

STAP 4

Nou kan jy om die graadprogram van jou keuse aansoek doen. Doen dit so:

- Besoek Mates.com en vul 'n e-aansoekvorm aanlyn in.
- Stuur 'n e-pos na info@sun.ac.za of skakel 021 808 9111 om 'n aansoekvorm aan te vra, en vul dit dan met die hand in.

HOU ASSEBLIEF DIE VOLGENDE BELANGRIKE PUNTE IN GEDAGTE WANNEER JY OM TOELATING TOT STELLENBOSCH AANSOEK DOEN:



Maak seker jy gee ons 'n e-posadres wat werk en wat jy daagliks gebruik. Alle toekomstige korrespondensie oor jou aansoekstatus sal na hierdie e-posadres gestuur word. As jy nie 'n persoonlike e-posadres het nie, kan jy een skep by www.gmail.com.



Nadat jy die eerste deel van die elektroniese aansoek voltooi het, sal jy 'n studentenommer en wagwoord ontvang deur middel van 'n skakel wat ons aan jou sal SMS of e-pos.



Jy sal eers op hierdie skakel moet klik om die res van jou elektroniese aansoek te kan voltooi. Sodra jy op die skakel geklik het, sal jy gevra word om jou studentenommer en wagwoord in te tik om weer toegang tot jou aansoek te kry en dit klaar in te vul.



Maak seker jy het alle vereiste dokumente byderhand (jaareindrapport vir graad II, jou ID-nummer, jou ouer/voog se ID-nummer, die persoonlike besonderhede van die persoon wat vir jou studenterekening verantwoordelik sal wees, ens), voordat jy met die aansoekproses begin.



Vul AL die afdelings van die elektroniese vorm in. Indien nie, sal jou aansoek nie verwerk word nie.



Ons elektroniese aansoekvorms bevat nou ook verskeie tuimelkieslyste ("drop-down menus"), so maak asseblief seker dat jy op AL daardie kieslyste klik wanneer jy aansoek doen om die antwoord te kies wat op jou van toepassing is.



Jy MOET drie graadprogramkeuses aandui wanneer jy aansoek doen om in ons fakulteit te studeer. Sodoende verseker jy dat indien jy nie vir jou eerste keuse aanvaar word nie, jy dalk steeds tot 'n tweede of derde keuse toegelaat kan word.



Dit is belangrik om op jou aansoekvorm aan te dui of jy 'n beurs en/of universiteitsverlyf nodig het, so moenie vergeet om die regte blokkies daarvoor te merk nie.



Jy kan vir 'n beurs aansoek doen sodra jy 'n brief van die universiteit ontvang het wat bevestig dat jy as 'n student by die universiteit aanvaar is.



Wanneer jy om toelating tot die universiteit aansoek doen, sal jy 'n unieke studentenommer ontvang. Gebruik asseblief hierdie nommer in ALLE korrespondensie met die universiteit.

Ek is 'n eersteprofielstudent en kom ook van 'n benadeelde skool. Watter soort ondersteuning is beskikbaar om my by die akademiese lewe te help aanpas?

Akademie ondersteuning is beskikbaar vir studente wat dit nodig het. Generiese akademiese ondersteuning (studievaardighede, tydbestuur en werksessies oor eksamenstres) word voorsien deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, terwyl die Taalsentrum taal- en skryfondersteuning bied. Akademie departemente bied klein groeptutoriale aan om studente met vakspeifieke inhoud te help. 'n Beperkte getal studente wat aan baie spesifieke sosio-ekonomiese toelatingsvereistes voldoen, kan ook dalk vir die Verlengde Graadprogram (VGP) in aanmerking kom. Studente in die VGP voltooi hulle eerste akademiese jaar oor twee jaar, met ekstra vakke vir akademiese ondersteuning.

Sê nou die program wat ek gekies het (of waarvoor ek aanvaar is) werk nie vir my nie? Kan ek van program/vakke verander nadat lesings al begin het?

Ja, jy kan – solank jy in dieselfde fakulteit bly, binne die eerste twee weke van die eerste kwartaal van program verander, en nie na 'n program met spesifieke toelatingsvereistes, soos Drama, Musiek of Visuele Kunste, oorslaan nie.

Hoe verskil die graad BA in Regseleerdheid van 'n LLB-graad?

Die graad BA in Regseleerdheid stel jou in staat om jou op twee vakgebiede te bekwaam, naamlik in die regte en op 'n ander terrein, byvoorbeeld Sielkunde. Na die suksesvolle voltooiing van die graad BA in Regseleerdheid kan 'n student wat graag 'n honneursprogram wil volg, dit op die ander vakgebied doen, met ander woorde nie regte nie. Maar as jy graag as 'n prokureur of advokaat wil praktiseer, het jy 'n LLB-graad nodig. Jy kan die LLB-graad behaal deur die vier jaar lange LLB-graadprogram te volg, of deur eers die drie jaar lange BA in Regseleerdheid en dan die twee jaar lange LLB-graadprogram te voltooi. Die studente in die vier jaar lange LLB-program en diegene wat eers die BA in Regseleerdheid en dan die twee jaar lange LLB volg, behandel presies dieselfde regsmodule – eersgenoemde oor vier jaar; laasgenoemde oor vyf jaar.



MOENIE 'N SLAAPKOUS WEES NIE!

30 Junie: Aansoeke om alle programme buiten die MB,ChB-program én om verblyf in die universiteit se koshuise sluit op hierdie datum. Klik hier vir hulp met die aansoekproses of bel ons Kliëntediensentrum by 021 808 9111.